Toegerus vir die Toekoms

Kinderkonferensie

11 en 12 September 2018

Kuilsrivier-Suid, NG Kerk

Navrae
021-808 9050
jeug@sun.ac.za

KINDERKONFERENSIE

Gemeente-predikante/pastore, jeugwerkers, kinderwerkers, kategete, Kix-leiers, kinderbond-leiers, kinderkerk-aanbieders, ouers of enige ander persoon wat belangstel in kinderbediening, word uitgenooi na die 2018 Kinderkonferensie wat aangebied word deur die Jeugkantoor van Communitas en Kix.

2 Timotheüs 3:14 -17

Maar jy, bly by wat jy geleer het en wat jy vas glo. Jy weet tog wie jou leermeesters was en jy ken van kleins af die heilige Skrif. Dit kan jou die kennis bybring wat tot verlossing lei deur die geloof in Christus Jesus. Die hele Skrif is deur God geïnspireer en het groot waarde om in die waarheid te onderrig, dwaling te bestry, verkeerdhede reg te stel en 'n regte lewenswyse te kweek, sodat die man wat in diens van God staan, volkome voorberei en toegerus sal wees vir elke goeie werk.

KYK TERUG OM TOEGERUS TE WEES VIR DIE TOEKOMS

Die fokus van die Kinderkonferensie is om almal wat met kinders werk op hoogte te bring met die globale, Suid-Afrikaanse en kerklike tendense wat ons werk met kinders beïnvloed. Luister na kundige sprekers wat gesels oor die toekoms, die kind se wêreld in skole, kinders se binnewêreld en die impak van tegnologie op ’n kind. Ontmoet en netwerk met ander leiers in die veld van kinderbediening. Kry praktiese toerusting in ‘n wye verskeidenheid relevante en eietydse werkswinkels. Kom, word toegerus met kennis, vaardighede, hulpmiddels, en hope inspirasie!

Ps 78: 3-4

Wat ons gehoor het en wat ons weet, wat ons vaders ons vertel het, sal ons vir ons kinders nie verswyg nie. Ons sal aan die volgende geslag vertel van die roemryke dade van die Here en van sy mag, van die wonderdade wat Hy gedoen het.

PROGRAM
Toegerus vir die Toekoms

DINSDAG, 11 SEPTEMBER 2018

08:00	Registrasie	
09:00	Opening en verwelkoming:	Anriëtte de Ridder Flammikids
09:30	**TOEGERUS VIR DIE TOEKOMS**	**Doris Viljoen (hoofspreker)**
10:30	Kix-stories	Pauline Matthee
10:45	* * * **Teetyd** * * *	
11:15	**WERKSWINKELS**	Rondte A
12:30	* * * **Middagete** * * *	
13:30	**DIE SKOOLKONTEKS : BRANDPUNT VIR BEDIENING IN DIE GEMEENSKAP**	**Gert van der Merwe (hoofspreker)**
14:30	**WERKSWINKELS**	Rondte B
15:30	Afsluiting	

WOENSDAG, 12 SEPTEMBER 2018

09:00	Opening	Santie Nel Annatjie Enslin (sketsbord)
09:30	**KINDERS EN TEGNOLOGIE**	**Hugo Theron (hoofspreker)**
10:30	Die wonder-wêreld van kinders	Sulet Brümmer
10:45	* * * **Teetyd** * * *	
11:15	**WERKSWINKELS**	Rondte C
12:30	* * * **Middagete** * * *	
13:30	**KINDERS SE BINNEWêRELD**	**Siegfried Louw (hoofspreker)**
14:30	**WERKSWINKELS**	Rondte D
15:30	Afsluiting	

HOOFSPREKERS

<u>Dinsdagoggend, 11 September</u> : Kinders van die toekoms

Doris Viljoen is ’n Senior Toekomskundige by die Instituut vir Toekomsnavorsing, met gespesialiseerde vaardighede in strategie ontwikkeling en omgewing strategiese bewustheid. Sy word geraadpleeg deur die voorste genoteerde organisasies in Suid-Afrika sowel as in die buiteland.
Sy is 'n nuuskierige, *forever-learning* optimis en is passievol om saam met sakeleiers “kolletjies op die horison te verbind”. As Senior Toekomskundige, poog sy om globale tendense te interpreteer en die relevansie daarvan op Suid-Afrika en Afrika te assesseer.
Doris het nagraadse kwalifikasies in ondernemingsbestuur, onderwys, projekbestuur sowel as 'n MPhill in Toekomsstudies.
Sy het 'n wye verskeidenheid belangstellings op navorsingsgebied en is passievol om die regte vrae te vra, data wat besluite bevestig op te spoor en die resultate van haar bevindinge te deel vir kliënte se strategiese voordeel.
As spreker, is sy in staat om abstrakte konsepte in verteerbare en hanteerbare inligting om te skakel. Haar aanbiedings fokus meestal op opkomende "kolletjies op die horison″ en sy begelei besluitnemers na voorkeur opsies vir hul toekoms.

<u>Dinsdagmiddag, 11 September</u> : Die skoolkonteks: Brandpunt vir bediening in die gemeenskap.

Gert van der Merwe is predikant van Lynnwoodrif Gemeente in Pretoria en portefeulje-leier van ToekomsNou, die NG Sinode Hoëveld se portefeulje vir Jeug-en gesinsbediening, vanaf 2012-2018. Die kerk se betrokkenheid in die skoolkonteks is vir hom baie belangrik en het gevolglik sy PhD oor geloofsvorming in die skoolkonteks voltooi. Hy is aan die hoof van FutureNow, ’n interkerklike organisasie wat gemeentes bemagtig om op verskillende vlakke aktief in die skoolkonteks betrokke te wees. “The Youth is the Future and the Future is Now!”

<u>Woensdagoggend, 12 September</u> : Die toekoms en tegnologie

Hugo Theron is ’n kliniese sielkundige wat ’n spesifieke belangstelling in kinders en tieners het.
Hy het sy PhD-navorsing gedoen oor die gebruik van sosiale media en die impak daarvan op tieners.

<u>Woensdag middag</u>, 12 September: Spelterapie beginsels / kinders met uitdagings

Siegfried Louw is ’n predikant in Proteahoogte Gemeente, ’n spelterapeut en lewensafrigter. Hy is beter bekend by kinders as die vriend van die handpop Sakkie, asook “Oupa Abie”. Hy noem homself ’n Gestalt OrganiCoach (geregistreer by TransMind South Africa) wat mense help om sin te maak, te groei en leiers en spanne te ontwikkel.

Die program is so saamgestel dat almal na die hoofsprekers kan luister.

WERKSWINKEL ONDERWERPE

Oor die twee dae sal daar 12 werkswinkeltemas aangebied word. Hieronder is 'n beskrywing van elke werkswinkel. Maak jou keuses op die REGISTRASIEVORM van watter werkswinkels jy wil bywoon. Bo en behalwe die hoofsprekers kan jy ook twee werkswinkels per dag bywoon.

K1 : SKETSBORD TEGNIEKE

Aanbieder: Annatjie Enslin

Wou jy nog altyd die Bybelstorie visueel teken terwyl iemand dit vertel? Kinders leer beter as hulle al hulle sintuie gebruik. Kom leer om self basiese sketsbord tegnieke in te span om kinders se aandag te behou en die verhaal kreatief uit te beeld. Jy hoef nie 'n kunstenaar te wees om hierdie vaardigheid te bemeester nie.

K2 : GEBRUIK BUIKSPRAAK IN JOU BEDIENING

Aanbieder: Wilmar Matthee

Enigiemand kan buikspraak doen – jy ook ! Bring 'n sokkie en 'n rekkie saam om 'n eenvoudige handpop te maak en kom leer die basiese vaardighede van buikspraak. Hierdie is 'n prettige manier om kinders en volwassenes te bedien.

K3: HOE BEGIN EK 'N KIX-GROEP IN ENIGE KONTEKS

Aanbieder: Annelet Slazus

Hoe verander jy jou gemeenskap? In hierdie werkswinkel sal jy uitvind hoe om 'n KIX-groep te begin in 'n skool, kerk, nasorg, crèche of gemeenskapsaal. Vind uit hoe Kix.Kom se materiaal en die 4 W's werk en pas dit toe met enige grootte groep. Kry wenke oor hoe om leiers te versorg en hoe om die Kix-projek te gebruik om kinders bewus te maak van sending. Huidige Kix- of Kinderbond-leiers is ook welkom om hierdie werkswinkel by te woon om weer op hoogte te kom.

K4: KREATIEWE GEBED MET KINDERS

Aanbieder: Sulet Brümmer

In hierdie werkswinkel sal jy praktiese idees kry om gebed sinvol en lekker vir kinders te maak. Ontdek verskillende tipe gebede, leer ken spiritualiteite en ontvang tegnieke om gebed te fasiliteer in klein en groot groepe. Hope praktiese en kreatiewe idees sal gedemonstreer word en daar sal ook sommige hulpmiddele saam gemaak en beoefen word.

K5: FASILITERING VAN 'N GROEP

Aanbieder: Susan Johnston

Hierdie werkswinkel wil jou help met al die basiese vaardighede om 'n groep te fasiliteer. Kom hoor hoe werk groepsdinamika en die lewensiklus van 'n groep. Kom ontdek praktiese raad om dissipline uitdagings, die stil kind, die woelige kind en die eenkant kind te hanteer. Leer ken jou eie styl as leier asook die verskillende leerstyle, persoonlikhede en spiritualiteite binne jou groep.

K6: HANTERING VAN BOELIE-GEDRAG

***Aanbieder: Charmaine Haggard (*GRIPKidz)**

In hierdie werkswinkel gaan jy uitvind hoe om boelie-gedrag in jou kerk, skool of gemeenskap prakties aan te spreek. Kom leer oor die verskillende tipes boelie-gedrag. Kom luister hoe jy kinders kan toerus om te weet wat om te doen as hulle slagoffers van boelies is en hoe om hulle te bekragtig vir die toekoms. Kom vind uit hoe om bystanders in "*opstaanders*" te verander. Verstaan ook die boelie beter en leer hoe om hulle by te staan op die pad van genesing.

K7: DEPRESSIE ONDER KINDERS

Aanbieder: Johan Laten van Depressie 101, 'n affiliaal van Kruispad

Depressie is 'n behandelbare siekte soos kanker. Ons almal word direk of indirek daardeur geraak. Ouers en kinders moet weet wat die siekte behels, wat die simptome is en hoe depressievegters ondersteun kan word. En dan die groot vraag: Hoekom voel dit vir depressievegters dat God nie antwoorde op hulle smeekgebede gee nie? Enige depressievegter of iemand wat met kinders werk, sal baat vind by die interaktiewe werkswinkel.

K8 : GEWOONTES IN DIE HUIS

Aanbieder: Christi Thirion

Jy het vennote soos mentors, ouers en ander gesinslede tuis nodig om kinders se geloof te help kweek. In hierdie werkswinkel sal jy ontdek hoe belangrik "huisgeloof" is en hoe om prakties geloofsgewoontes tuis te vestig. Praktiese hulpmiddels sal uitgedeel en gedemonstreer word, wat saamgeneem kan word na jou gemeente of gemeenskap.

K9 : KINDERS EN MUSIEK

Aanbieder: Johan Steenkamp en Flammikidz

In hierdie werkswinkel gaan jy uitvind hoe om musiek in te span in kinderbediening. Kom vind uit hoe om lof en aanbidding te beplan en watter hulpmiddels beskikbaar is. Kom kry wenke by musiekleiers oor wat werk en wat nie werk nie in verskillende kontekste wanneer 'n mens met kinders en gesinne werk. Kom hoor hoekom musiek nodig is in geloofsvorming en ook hoe oud en jonk saam kan aanbid deur "blended worship".

K10 : STORIEVERTEL TEGNIEKE

Aanbieder: Santie Nel

Kom leer praktiese en kreatiewe aanbiedingstegnieke wat jou sal help om 'n kind se verbeelding aan te gryp en speel-speel en interaktief te betrek by die Bybelse verhaal. Die maak en gebruik van storievertel tegnieke soos papier handpoppe, sandbak, besempoppe en viltbord sal prakties gedemonstreer word en ook te koop aangebied word.

K11: LEEF JOU ROEPING UIT IN DIE SKOOL

Aanbieder: Gert van der Merwe van ToekomsNou

Hoe kan die geloofgemeenskap 'n rol speel in die vestiging van 'n waardegedrewe, gesonde en veilige skoolomgewing? In hierdie werkswinkel sal jy ook meer hoor oor die skolewet, die kinderwet en hoe 'n mens prakties kan handevat met 'n skool met die vestiging van 'n waarde program, mentorskap, asook geloofopvoeding en aanbiddingsruimtes. Skolebediening is 'n groot behoefte en 'n besondere geleentheid.

K12 : GEBRUIK TEGNOLOGIE IN KINDERBEDIENING

Aanbieder: Elrika Esterhuizen

Het jy al ooit gewonder hoe jy vandag se tegnologie kan inspan in kinderbediening? Ontdek hoe jy sosiale media platforms, *WhatsApp* en ander *apps* kan gebruik om te kommunikeer en verhoudings te bou. Hoe kan jy *PowerPoint* aanwend op die regte manier? Waar kry 'n mens nuttige skakels vir kinderbediening webtuistes asook (gratis) video's, foto's en musiek? Kom raak *tech savvy* en gesels saam!

NAVRAE

Jeug en Families
Jeugkantoor / 021-808 9050 / Maryke Fourie

Kinderkonferensie / Mathilda du Pisanie
021-808 3265
mdup@sun.ac.za

Communitas - 021-8083381

REGISTRASIE BESONDERHEDE

REGISTRASIE OPSIES

- Een-dag bywoning — Merk slegs EEN DAG op die registrasievorm
- Beide dae bywoning — Merk BEIDE DAE op die registrasievorm

SLUITING VAN REGISTRASIE

Registrasie sluit op 5 September 2018.

VOLTOOIING VAN REGISTRASIEVORMS

- Voltooide registrasievorms en bewys van betaling moet gestuur word aan jeug@sun.ac.za. 'n Elektroniese inskrywingsvorm is ook by hierdie e-pos beskikbaar.
- Elke groep-lid moet 'n APARTE VORM VOLTOOI. Die rede hiervoor is dat elke persoon 'n persoonlike keuse van werkswinkels mag uitoefen.
- Betaling geskied eenmalig en word aangedui op die registrasievorm.
- 'n Groep se vorms moet eenmalig ingedien word.

AANBIEDINGSTAAL

Die konferensie word slegs in AFRIKAANS aangebied.

VERVERSINGS

Koffie/tee en verversings word bedien op die tye soos aangedui op die program en is gratis.
Middagetes is ook by die registrasiefooi ingesluit. Neem kennis dat daar nie voorsiening gemaak word vir spesiale kosvoorkeure nie. Sulke persone moet self vir middagetes voorsiening maak. Daar is wel 'n koffiewinkel op die perseel (CUP OF LIFE). Enige kos of drinkgoed wat hier gekoop word, is vir die afgevaardigde se eie rekening en is nie omruilbaar met die registrasiefooi nie.

TOEGANKLIKHEID VIR ROLSTOELE

Die perseel is rolstoelvriendelik. Dui asseblief aan indien jy 'n rolstoelgebruiker is en/of moeilik trappe klim sodat ons lokaalindeling dienooreenkomstig kan doen.

PARKERING

Daar is oop parkering aan die voorkant van die sentrum (Langverwachtpad), sowel as aan die agterkant van die sentrum (Dennestraat).

BLY WARM

Daar is nie lugreëling in die lokale nie. Trek warm aan of bring 'n kombersie.

STALLETJIES

Stalletjies sal beman word en kinderbediening produkte sal te koop aangebied word. Bring kontant hiervoor saam aangesien daar nie noodwendig kredietkaart fasiliteite beskikbaar sal wees nie.

AKKOMMODASIE

Elke persoon is verantwoordelik vir hul eie verblyfreëlings en betaling daarvan. Hier is 'n lys van gastehuise in Kuilsrivier: De Keurboom Gastehuis, Turningpoint B&B, Saxenburg Gastehuis, Suzies Coffee Shop B&B, Almost Home, Beulah Land Gastehuis, Phoeboe's Place Gastehuis, Eagles Nest B&B, One One B&B, Langverwacht B&B, Camico Self Catering.

PLEK

NGK Kuilsrivier-Suid

Parkering aan die voorkant van die kerk in Langverwachtpad of aan die agterkant van die kerk by Dennestraat
https://www.google.co.za/maps/search/Nederduitse+Gereformeerde+kerk+Kuilsrivier-Suid,+Kuilsrivier/@-33.9282907,18.6738319,15z/data=!3m1!4b1

REGISTRASIEVORM – KINDERKONFERENSIE 2018
Dinsdag, 11 September en Woensdag, 12 September 2018

LW: Vir die groep-inskrywings moet elke persoon 'n aparte inskrywingsvorm invul en instuur, maar die inbetaling geskied eenmalig**

SLUITINGSDATUM VIR REGISTRASIE: 5 SEPTEMBER 2018							
Persoonlike inligting	Van						
	Naam						
	Gemeente / Denominasie						
	E-pos adres						
	Kontak nommers	**Selfoon**			**Landlyn**		
Omkring van toepassing	**ENKEL INSKRYWING**	**JA**			**NEE**		
	GROEP INSKRYWING	**JA**	**AANTAL IN GROEP**		**NEE**		
REGISTRASIEKOSTE (koffie/tee en middagetes ingesluit by kostes)		**Merk bywoning met X hier onder**			**Totale kostes**		
Enkel dag bywoning	Dinsdag, 11 September	R150					
	Woensdag, 12 September	R150					
Beide dae	11 en 12 September	R300					
Groep besprekings	Totale koste van groep						

WERKSWINKEL KEUSES	**Omkring die werkswinkels wat jy wil bywoon.**						
	Dinsdagoggend, 11 September (Omkring 2)	**K1**	**K2**	**K3**	**K4**	**K5**	**K6**
		K7	**K8**	**K9**	**K10**		
	Woensdagoggend, 12 September (Omkring 2)	**K1**	**K2**		**K4**	**K5**	**K6**
		K7	**K8**		**K10**	**K11**	**K12**

BETALINGS-INSTRUKSIES																
	Betalings-verwysing	Betaling van **ENKEL INSKRYWINGS** Gebruik die kode **J18** ... gevolg deur jou **voorletters en van** Betaling van **GROEP INSKRYWINGS**** Gebruik die kode **G18**... gevolg deur die **gemeente se naam**														
	ENKEL INSKRYWING	**J**	**1**	**8**												
	GROEP INSKRYWING**	**G**	**1**	**8**												
	Bevestiging	**Deelnemers ontvang bevestiging van registrasie**														
	Navrae by die Jeugkantoor telefoon nr. 021-808-3381 (gedurende kantoor-ure) ***This conference will only be conducted in Afrikaans.***															

Bankbesonderhede vir elektroniese betalings	
Begunstigde	Jeug
Bank	NEDBANK
Takkode	123 209
Bankrekening nr.	1135 900 264
Verwysing – gebruik die kodes hierbo	

E-pos registrasievorm en bewys van betaling aan:
jeug@sun.ac.za voor 5 September 2018 of lewer per hand af by Communitas (Noordwal-Wes 1, Stellenbosch).
Merk die e-pos **KINDERKONFERENSIE**
LET WEL: Ons kan slegs 'n beperkte getal inskrywings hanteer.